

Roep die Naam van die Here aan

Skrifgedeelte: Joël 2:21-32

Fokusgedeelte: Joël 2:32a

Wanneer Babel as God se tugroede sy werk doen, sal dit volgens Joël 1:10-11 lyk soos wanneer swerms sprinkane die land tref! Juis daarom die dringende oproep in 1:12-16 tot bekering en verootmoediging. Almal moet daaraan gehoor gee, tot die kinders en suigeling en selfs die pasgetroudes wat nog op hulle wittebrood is!

Aan daardie grondige verootmoediging verbind die Here sy belofte van herstel. In vergelyking met die oordeel wat die volk 'n voorsmaak van die dag van die Here moes gee, sal hulle in die wonderlike herstel iets van die herskepping proe (2:21-27). In 2:28-32 stel die Here 'n radikale geestelike vernuwing in die vooruitsig, en wanneer dit kom, is die finale dag van die Here op hande met dié belangrike sleutel: "Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."

Op Pinkster haal Petrus hierdie belofte van Joël volledig aan en sê dat dié profesie die verklaring is van wat hulle daar sien en hoor.

So gee Joël belangrike lig op God se plan met die wêreld en op wat verootmoediging werklik is. As ons dié verootmoediging nie nou in tye van krisis as't ware inoefen nie, sal ons ook nie weet wat dit is om van harte die Naam van die Here aan te roep as die finale dag daar is nie! Om die Naam van die Here aan te roep, is – in die lig van Pinkster – om Jesus aan te roep en Hom aan te neem en ons klere in sy bloed te was.

Laat ons aan hierdie belofte om die Naam van die Here aan te roep, 'n belofte wat gelaai is met al die erns van die komende dag van die Here, daadwerklik gehoor gee!



Publikasie
Publication

